higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1210**(A)**(N30)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N5

(3030605)

30 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 300

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.25) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Klankingenieurswese is 'n loopbaanrigting in ...

A musiekopvoeding.
B musiekproduksie.
C grafiese ontwerp.
D chemiese ingenieurswese.

1.2 Met die vordering in tegnologie, kan musiek ... gekoop word.

A op radiostasies
B by sjebiens
C by plaaslike restaurante
D aanlyn

1.3 Die skending/oortreding van kopiereg is om werke waarop daar kopiereg is sonder toestemming ...

A te komponeer.
B te luister.
C te gebruik.
D uit te voer.

1.4 Die straf vir kopieregskending kan tot ... gevangenisstraf wees.

A vyf jaar
B ses maande
C een maand
D vyf-en-veertig jaar

1.5 'n Kunstenaar ly statutêre skade as hy/sy nie die werklike ... wat deur die oortreder/skender gemaak/veroorsaak is kan bewys nie.

A opnames
B verkope
C skade
D wins

1.6 'n Regter kan die statutêre skade tot $50 000 verhoog as die oortreding/skending ... was.

A opsetlik
B 'n fout
C ongeoorloofde toe-eiening (plagiaat/rowery; 'piracy')
D 'n opname

Kopiereg voorbehou

1.7 Indien kunstenaars bedingingsmag het, kan hulle sê dat hulle hul liedjie terug sal kry wanneer hul ... aan die einde van die termyn terugval ('revert').

A musiek
B solis
C viool
D harmonie

1.8 Die reg om werk in die openbaar ... is op skilderye van toepassing.

A op te neem
B te vertoon
C op te voer
D te orkestreer/op musiek te sit

1.9 … musiekinkomste kom van bladmusiek af.

A CD-
B Kaset-
C Gedrukte
D Opgevoerde

1.10 'n Kunstenaar het die reg om sy/haar werk by nagklubs ...

A aan te kondig
B te dans
C te ontleed
D uit te voer

1.11 Kunstenaars beheer die reg om hul ... in die openbaar te vertoon.

A CD's
B beelde
C T-hemde
D uitvoerings

1.12 Die termyn waarvoor daar geteken word is gewoonlik een jaar met die ..., met twee tot vier bykomende jare om van die voorraad ontslae te raak.

A maatskappy
B pianis
C handelaar
D uitgewer

1.13 … kan op die lewering van liedjies gerig wees.

A Komponering/Komposisie
B Verspreiding
C Optredes
D Voorskotte

Kopiereg voorbehou

1.14 'n … is die hoof uitvoerende beampte van die professionele span tydens 'n toer.

A Promotor/bestuurder
B Bemarker
C Agtergrondsanger/steunsanger
D Persoonlike bestuurder

1.15 Die … van mense en toerusting tydens 'n toer word deur die persoonlike bestuurder gereël.

A betaling
B bemarking
C vervoer
D organisasie

1.16 Die sakebestuurder/besigheidsbestuurder is in beheer van die ... aspekte tydens 'n toer.

A finansiële
B tegniese
C gevorderde
D wins-

1.17 'n Digitale monsternemer/monsterversamelaar neem enige klank en maak 'n perfekte ... kopie.

A CD-
B digitale
C video-
D viniel-

1.18 Oorspeling ('replays') skakel die nodigheid uit om die meesterkopie/oorspronklike kopie ...

A te kopieer
B te dupliseer
C op te neem
D te lisensieer

1.19 Die koste om die regte vir 'n baie bekende liedjie uit te koop is ... of meer.

A $5 000
B $50 000
C $15 000
D $500 000

Kopiereg voorbehou

1.20 Handelaars het nie die reg om ... nie, maar kan die oorblywende CD's verkoop.

A te vervaardig
B te sing
C te komponeer
D op te neem

1.21 Handelaars moet ... verkope vermy, wat beteken dat goedere teen 'n lae prys verkoop word om daarvan ontslae te raak.

A nood- ('distress') (verkope onder druk)
B winskoop-
C spesiale
D afslag-

1.22 Die musiekopsiener/toesighouer, filmproduksieleier/produsent en ... werk uit watter tipe musiek nodig is.

A kunstenaar
B pianis
C bestuurder
D regisseur

1.23 Die filmregisseur en produksieleier/produsent neem die finale besluit oor die musiek wat in 'n ... gebruik moet word.

A kompetise
B konsert
C komposisie
D rolprent

1.24 Goeie musiekopsieners/toesighouers laat musiek en films ... ineensmelt, en verenig só die twee bedrywe op 'n sakevlak.

A sorgeloos
B kreatief/skeppend
C grasieus
D glad/vlot

1.25 Tantièmes (outeursgeld/winsaandeel) word terselfdertyd as die ... van die filmproduksieleiers/filmprodusente betaal.

A klankbaan
B ooreenkomsluiting/transaksiebeklinking
C vergoeding
D eise

(25 × 2) **[50]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.25) in die ANTWOORBOEK neer.

2.1 Om 'n interdik/geregtelike verbod te kry, beteken dat die hof die oortredende/skendende werk verbied.

2.2 Daar is geen manier waarop 'n kunstenaar die oortreder/skender se wins kan verhaal nie.

2.3 Die hof het nie die mag om enige oortredende/skendende kopieë te vernietig nie.

2.4 Die reversie/terugval en beëindiging van kopiereg is twee verskillende goed.

2.5 Die terugval van kopiereg beteken dat daar 'n kontrak aan die kunstenaar toegeken word.

2.6 Die meeste gedruktemusiek-inkomste kom van folio's.

2.7 Twintig persent van die markkleinhandelprys-tantièmes (outeursgelde) vir 'n enkele blad musiek word aan die uitgewer betaal.

2.8 Daar is geen tydraamwerkbeperking op gedruktemusieklisensies nie.

2.9 Opgegaarde voorraad ('n voorraadstapel) kom voor as die drukker minder voorraad gedruk het.

2.10 BTW word betaal om nuwe kunstenaars met hul opnames te help.

2.11 Die omvang van die tantièmes vir supersterre is altyd hoër.

2.12 Buitelandse ooreenkomste beweeg nou na 'n verdeling van die netto wins.

2.13 Nuwe kunstenaars word nie toegelaat om ontwerpersklere te dra nie, omdat dit duur is.

2.14 'n Lid van 'n groep wat deur 'n opnamemaatskappy in diens geneem is kan nie die groep verlaat voordat die kontrak verval nie.

2.15 'n Kunstenaar het nie die reg om sy/haar werk te reproduseer nie.

2.16 Die reg om op te tree maak dit vir mens moontlik om in nagklubs op te tree.

2.17 Dit kan tot drie jaar van die einde van die termyn af neem om van voorraad wat reeds vervaardig is ontslae te raak.

2.18 Die pligte van 'n promotor sluit die huur van plekke (optreeplekke) en die gladde funksionering van die geselskap/span in.

Kopiereg voorbehou

2.19 'n Kunstenaar met bedingingsmag kan nie sy/haar liedjie terugkry nie.

2.20 Dit is die verantwoordelikheid van die kunstenaar om te weet wat die kontrak oor hertoewysing bepaal.

2.21 Tantièmes (outeursgeld) word aan die beste kunstenaar betaal.

2.22 Vervaardigde items wat 12 maande na die einde van die termyn nog oor is, moet weggedoen word.

2.23 Bruto verkope is die verkoopprys aan die publiek, minus BTW.

2.24 Daar is nie 'n krediteringstelsel vir belasting nie.

2.25 Uitgewers moet 'n liedjie goedkeur voordat hulle dit laat uitgaan om aan die leweringsvereistes te voldoen.

(25 × 2) **[50]**

VRAAG 3

Kies 'n beskrywing in KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–T) langs die vraagnommer (3.1–3.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Noodverkope/verkope onder druk ('distress sales')	A	verkoopprys aan die publiek, sonder belasting
3.2	Digitale monsternemer	B	op ware kopiereg op oorspronklike
3.3	Opnamemaatskappye	C	versameling liedjies deur verskillende kunstenaars
3.4	Hernieude/aanlopende/ gestadige betaling ('rolling payment')	D	verlaag die kunstenaar se tantièmes
3.5	Kunstenaar	E	kan sy/haar liedjies terugeis, behalwe as dit deur 'n bekende kunstenaar uitgevoer is
3.6	Filmproduksie	F	verhaalbaar wanneer geen opnamekoste aangegaan is nie
3.7	Produksieleier/produsent en regisseur	G	verkope by konsert, gebaseer op 'n persentasie van die netto wins
3.8	Top opsieners ('top supervisors')	H	verkoop van goedere onder groothandelprys
3.9	Loketbonusse/kasbonusse ('box-office bonuses')	I	die reg om handelsware aan die einde van die termyn te koop
3.10	Tantièmes vir film		

3.11	Vakbondfooie	J	mag die dienste van 'n solis gebruik wat die gekontrakteerde groep verlaat
3.12	Verhaling van statutêre skade/onkoste	K	eenvormige/vaste betaling gebaseer op 'n aantal verkope
3.13	Terugval/reversie van kopiereg	L	kry tantièmes (outeursgeld) op 'n klankbaanalbum
3.14	Liedjieskrywer met bedingingsmag	M	steun swaar op musiek en die musiekopsiener moet vroegtydig (vooraf) betrek word
3.15	Bladmusiek	N	wil plate/CD's met goedgekeurde monsters vrystel
3.16	Gemengde folio	O	gedrukte musiek vir 'n enkele liedjie
3.17	Bruto verkope	P	trefferliedjies is altyd hoër
3.18	Gedenkitems/aandenkings	Q	gebaseer op bruto verkope van die film
3.19	Ontwerpersklere	R	toestel wat enige klanke kan neem en 'n perfekte digitale kopie daarvan kan maak
3.20	Maatskappye	S	die finale besluit vir die opname van musiek vir die film
		T	verskil van die beëindiging van kopiereg volgens die kopieregwet

(20 × 2) **[40]**

VRAAG 4

Definieer elk van die volgende items:

4.1 Voorskot

4.2 Wins

4.3 Termyn

4.4 Terugvalling/reversie

4.5 Liedjieskrywer

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 150

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Baie aktiwiteite moet gereël word tydens die toer van 'n musiekgroep.

Bespreek die rol van 'n persoonlike bestuurder en sakebestuurder/besigheidsbestuurder tydens 'n groep se toer. (30 × 2) (60)

5.2 Watter rol speel 'n musiekopsiener ('music supervisor') in die lewe van 'n kunstenaar en watter fooie is aan hom/haar betaalbaar? (40)
[100]

TOTAAL AFDELING B: 100

AFDELING C

VRAAG 6

Kies EEN vraag uit 6.1 en 6.2.

6.1 Bespreek kortliks die verskillende tipes gedrukte musiek wat beskikbaar is. Sluit die tantièmes (outeursgeld) en voorwaardes wat met elke tipe gepaardgaan in. **[30]**

OF

6.2 Jy werk vir 'n maatskappy wat tans 'n film skiet/opneem. Dit is jou taak om na die lisensiëring van die musiek wat in die film gebruik gaan word te kyk.

Verduidelik elk van die volgende terme wat gebruik word wanneer mens met die meesterlisensiëringsfooie van bestaande musiek in films te doen het.

6.2.1 Meesterlisensiëringsfooi (sluit in hoe die belangrikheid van die gebruik die fooie beïnvloed) (12)

6.2.2 Tantièmes (10)

6.2.3 Verhaling (terugbetaling) (8)
[30]

VRAAG 7

7.1 Definieer *terugvalling/reversie van kopiereg.* (4)

7.2 Gee die voorwaardes vir die terugvalling van kopiereg. (6)

7.3 Gee die voorwaardes vir die outomatiese terugvalling van kopiereg. (10)
[20]

TOTAAL AFDELING C: 50
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou